REPUBLIC OF SOUTH AFRICA

# GOVERNMENT GAZETTE

# STAATSKOERANT

## VAN DIE REPUBLIEK VAN SUID-AFRIKA

*Registered at the Post Office as a Newspaper*

*As 'n Nuusblad by die Poskantoor Geregistreer*

Vol. 426 | CAPE TOWN, 13 DECEMBER 2000 | KAAPSTAD, 13 DESEMBER 2000 | No. 21884


THE PRESIDENCY

No. 1358. 13 December 2000

It is hereby notified that the President has assented to the following Act which is hereby published for general information:—

No. 65 of 2000: Sea Transport Documents Act, 2000.

DIE PRESIDENSIE

No. 1358. 13 Desember 2000

Hierby word bekend gemaak dat die President sy goedkeuring geheg het aan die onderstaande Wet wat hierby ter algemene inligting gepubliseer word:—

No. 65 van 2000: Wet op Seevervoerdokumente, 2000.

**GENERAL EXPLANATORY NOTE:**

__________ Words underlined with a solid line indicate insertions in existing enactments.

---

*(English text signed by the President.)*
*(Assented to 5 December 2000.)*

# ACT

**To regulate the position of certain documents relating to the carriage of goods by sea; and to provide for incidental matters.**

BE IT ENACTED by the Parliament of the Republic of South Africa, as follows:—

**Definitions**

**1.** In this Act, unless the context indicates otherwise—

"court" means a competent court having jurisdiction in the matter;

"holder" means a holder referred to in section 3(2);

"Minister" means the Minister of Transport;

"Republic" includes the Prince Edward Islands referred to in section 1 of the Prince Edward Islands Act, 1948 (Act No. 43 of 1948);

"sea transport document" means—

*(a)* a bill of lading;
*(b)* a through bill of lading;
*(c)* a combined transport bill of lading;
*(d)* a sea waybill; or
*(e)* any consignment note, combined transport document or other similar document, relating to the carriage of goods either wholly or partly by sea, irrespective of whether it is transferable or negotiable;

"this Act" includes any regulation made under section 9.

**Application of Act**

**2.** (1) This Act applies—

*(a)* to any sea transport document issued in the Republic, irrespective of whether it was issued before or is issued after the commencement of this Act;
*(b)* to goods—
  (i) consigned to a destination in the Republic; or
  (ii) landed, delivered or discharged in the Republic; and
*(c)* to any proceedings instituted in the Republic in any court or before any arbitration tribunal after the commencement of this Act in respect of any sea transport document or goods contemplated in paragraph *(a)* or *(b)*, irrespective of whether those proceedings relate to a cause of action arising before or after the commencement of this Act.

(2) Sections 3, 4, 5 and 6 apply only to sea transport documents that are transferable or negotiable, and any reference in those sections to a sea transport document must be construed accordingly.

**ALGEMENE VERDUIDELIKENDE NOTA:**

________ Woorde met 'n volstreep daaronder, dui invoegings in bestaande verordenings aan.

*(Engelse teks deur die President geteken.)*
*(Goedgekeur op 5 Desember 2000.)*

# WET

**Om die posisie van sekere dokumente wat betrekking het op die vervoer van goedere oor see te reël; en om vir bykomstige aangeleenthede voorsiening te maak.**

DAAR WORD BEPAAL deur die Parlement van die Republiek van Suid-Afrika, soos volg:—

**Woordomskrywing**

**1.** In hierdie Wet, tensy uit die samehang anders blyk, beteken—

"hierdie Wet" ook enige regulasie kragtens artikel 9 uitgevaardig;

"hof" 'n bevoegde hof met jurisdiksie in die aangeleentheid;

"houer" 'n houer in artikel 3(2) bedoel;

"Minister" die Minister van Vervoer;

"Republiek" ook die Prince Edward-eilande bedoel in artikel 1 van die Wet op die Prince Edwardeilande Wet, 1948 (Wet No. 43 van 1948);

"seevervoerdokument"—

*(a)* 'n vragbrief;

*(b)* 'n deurvragbrief;

*(c)* 'n gekombineerde vervoervragbrief;

*(d)* 'n seevragbrief; of

*(e)* 'n laaibrief, gekombineerde vervoerdokument of ander soortgelyke dokument, wat betrekking het op die algehele of gedeeltelike vervoer van goedere oor see,

ongeag of dit oordraagbaar of verhandelbaar is.

**Toepassing van Wet**

**2.** (1) Hierdie Wet is van toepassing op—

*(a)* enige seevervoerdokument wat, hetsy voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet, in die Republiek uitgereik is;

*(b)* goedere—

(i) geadresseer aan 'n bestemming in die Republiek; of

(ii) wat in die Republiek aan land gebring, afgelewer of afgelaai word; en

*(c)* enige verrigtinge wat in die Republiek in enige hof of voor enige arbitrasietribunaal na die inwerkingtreding van hierdie Wet ingestel word ten opsigte van enige seevervoerdokument of goedere in paragraaf *(a)* of *(b)* beoog, ongeag of daardie verrigtinge verband hou met 'n skuldoorsaak wat voor of na die inwerkingtreding van hierdie Wet ontstaan het.

(2) Artikels 3, 4, 5 en 6 is slegs van toepassing op seevervoerdokumente wat oordraagbaar of verhandelbaar is, en enige verwysing in daardie artikels na 'n seevervoerdokument word dienooreenkomstig uitgelê.

(3) This Act binds the State and all organs of state as defined in section 239 of the Constitution of the Republic of South Africa, 1996 (Act No. 108 of 1996).

**Transfer of sea transport documents**

**3.** (1) A sea transport document may be transferred by the holder, either—

*(a)* by delivery of the document, endorsed as may be necessary; or

*(b)* subject to section 9(1)*(a)*, through the use of a telecommunication system or an electronic or other information technology system.

(2) A person is the holder of a sea transport document if that person is in possession of the original sea transport document, or possession of that document is held on that person's behalf, and that person is—

*(a)* the person to whom the document was issued;

*(b)* the consignee named in the document; or

*(c)* a person to whom the document has been transferred in accordance with subsection (1).

(3) For the purposes of subsection (2), a person must be regarded as being in possession or as holding possession of an original sea transport document if—

*(a)* the original document has been lost or cannot, for any reason, be produced by that person or on behalf of that person; and

*(b)* that person or the agent of that person would be entitled to possession of the document if the original could be produced.

**Transfer of rights and obligations**

**4.** (1) The holder of a sea transport document—

*(a)* is subject to the same obligations and entitled to the same rights against the person by whom or on whose behalf the document was issued or who is responsible for the performance of the contract of carriage evidenced by or contained in the document as if the holder were a party to a contract with that person on the terms of the document; and

*(b)* must be regarded as the cessionary of all rights of action for loss of or damage to the goods referred to in the document, whether arising from contract or the ownership of the goods or otherwise.

(2) A holder who has transferred a sea transport document must be regarded as having ceded his, her or its rights and as having delegated his, her or its obligations to the new holder except in so far as those rights or obligations arise from a *delectus personae* relating to the holder.

**Saving of rights**

**5.** Any—

*(a)* right or obligation under a contract of carriage evidenced by or contained in a sea transport document; or

*(b)* liability of the consignee or holder by reason or in consequence of—

(i) that person being such consignee or holder;

(ii) that person's receipt of the goods by reason or in consequence of such consignment; or

(iii) the transfer of the document to that person,

has full force and effect except to the extent to which it is affected or varied by this Act.

**Evidence of shipment**

**6.** A sea transport document that—

*(a)* represents that goods have been shipped on board a vessel or have been received for shipment on board a vessel; and

*(b)* has been signed by the master of the vessel or by another person who had the actual authority, whether express or implied, or the ostensible authority of the carrier to sign that document,

is, as against the carrier—

(i) *prima facie* evidence in favour of a holder of the document, who is the shipper or other person to whom it was issued; and

(3) Hierdie Wet bind die Staat en alle staatsorgane soos omskryf in artikel 239 van die Grondwet van die Republiek van Suid-Afrika, 1996 (Wet No. 108 van 1996).

**Oordrag van seevervoerdokumente**

**3.** (1) 'n Seevervoerdokument kan deur die houer oorgedra word, hetsy—

*(a)* deur aflewering van die dokument, geëndosseer soos nodig; of

*(b)* behoudens artikel 9(1)*(a)*, deur die gebruik van 'n telekommunikasiestelsel of 'n elektroniese of ander inligtingstegnologiestelsel.

(2) 'n Persoon is die houer van 'n seevervoerdokument indien daardie persoon in besit van die oorspronklike seevervoerdokument is of besit daarvan namens daardie persoon gehou word, en daardie persoon—

*(a)* die persoon is aan wie die dokument uitgereik is;

*(b)* die ontvanger is wat in die dokument genoem word; of

*(c)* 'n persoon is aan wie die dokument ooreenkomstig subartikel (1) oorgedra is.

(3) Vir die doeleindes van subartikel (2) word 'n persoon geag in besit te wees of besit te hou van 'n oorspronklike seevervoerdokument indien—

*(a)* die oorspronklike dokument verlore geraak het of om enige rede nie deur daardie persoon of namens daardie persoon getoon kan word nie; en

*(b)* daardie persoon of die agent van daardie persoon geregtig sou wees op besit van die dokument indien die oorspronklike getoon kon word.

**Oordrag van regte en verpligtinge**

**4.** (1) Die houer van 'n seevervoerdokument—

*(a)* is onderhewig aan dieselfde verpligtinge teenoor en geregtig op dieselfde regte teen die persoon deur wie of namens wie die dokument uitgereik is of wat verantwoordelik is vir die uitvoering van die vervoerkontrak waarvan die dokument getuig of wat in die dokument vervat is asof die houer 'n party by 'n kontrak met daardie persoon is op die voorwaardes van die dokument; en

*(b)* word geag die sessionaris te wees van alle vorderingsregte vir die verlies van of skade aan die goedere genoem in die dokument, hetsy voortspruitend uit die kontrak of die eienaarskap van die goedere of andersins.

(2) 'n Houer wat 'n seevervoerdokument oorgedra het, word geag sy of haar regte te sedeer het en sy of haar verpligtinge aan die nuwe houer te delegeer het, behalwe vir sover daardie regte of verpligtinge voortspruit uit 'n *delectus personae* wat op die houer betrekking het.

**Voorbehoud van regte**

**5.** Enige—

*(a)* reg of verpligting ingevolge 'n vervoerkontrak wat gestaaf word deur of wat vervat is in 'n seevervoerdokument; of

*(b)* aanspreeklikheid van die ontvanger of houer vanweë of as gevolg daarvan dat—

(i) daardie persoon sodanige ontvanger of houer is;

(ii) daardie persoon se ontvangs van die goedere vanweë of as gevolg van sodanige besending is; of

(iii) die dokument aan daardie persoon oorgedra is,

het volle regskrag behalwe in die mate wat dit deur hierdie Wet geraak of gewysig word.

**Bewys van verskeping**

**6.** 'n Seevervoerdokument wat—

*(a)* voorgee dat goedere aan boord van 'n vaartuig verskeep is of vir verskeping aan boord van 'n vaartuig ontvang is; en

*(b)* onderteken is deur die gesagvoerder van die vaartuig of deur 'n ander persoon wat die werklike gesag, hetsy uitdruklik of stilswyend, of die oënskynlike gesag van die vervoerder gehad het om daardie dokument te onderteken,

is teenoor die vervoerder—

(i) *prima facie*-bewys in die guns van 'n houer van die dokument, wat die verskeper of 'n ander persoon is aan wie dit uitgereik was; en

(ii) conclusive evidence in favour of a subsequent holder,

of the shipment of the goods or of their receipt for shipment, as the case may be.

**Delivery**

**7.** (1) A carrier is discharged from the obligation to deliver if that carrier makes delivery of the goods to which a sea transport document relates to a person entitled to such delivery in terms of subsection (2).

(2) A person presenting a sea transport document is entitled to delivery of the goods to which the document relates—

*(a)* only in accordance with the contract and on the terms contained in the document and subject to compliance with any obligation to which that delivery may be subject; and

*(b)* subject to subsection (3), if that person is the first person presenting the document in respect of those goods.

(3) *(a)* A carrier may require any person presenting a sea transport document in respect of any goods to establish a right to delivery.

*(b)* Any person required to establish his or her right to delivery as contemplated in paragraph *(a)* may do so either by application to court or by any other means that may be acceptable to the carrier.

*(c)* If a right to delivery is established by means other than an application to court, the carrier bears the risk that the person has no right to delivery and the carrier may require an indemnity acceptable to the carrier in respect of the delivery.

(4) Unless the court on an application contemplated in subsection (3)*(b)* orders otherwise, delivery made in terms of this section does not affect any right to damages.

**Persons acting in bad faith**

**8.** (1) Nothing in section 3, 4, 5, 6 or 7 entitles any person in possession of a sea transport document or any person making delivery of any goods to which a sea transport document relates to any right or to any defence to or discharge from any obligation if, at the time when that person acquired possession of the document or made that delivery—

*(a)* in the case of a person acquiring possession, that person knew or had reasonable grounds for believing that—

(i) the goods to which the document related had not been shipped or received for shipment; or

(ii) the person from whom possession was acquired had no right to transfer the document or any right thereunder; or

*(b)* in the case of a person making delivery, that person knew or had reasonable grounds for believing that the person to whom delivery was made had no right to receive delivery.

(2) The onus of proving that subsection (1)*(a)* or *(b)* applies is on the person alleging its application.

**Regulations**

**9.** (1) Subject to subsections (2) and (3), the Minister may make regulations—

*(a)* prescribing the circumstances in which and the conditions subject to which a record or document produced by a telecommunication system or an electronic or other information technology system, and effecting transactions such as those effected by any sea transport document, is to be regarded as a sea transport document;

*(b)* regarding generally all matters that are reasonably necessary or expedient to be prescribed in order to achieve the objects of this Act.

(2) The Minister must publish all regulations proposed to be made under subsection (1) in the *Gazette* for comment at least three months before the date contemplated for their commencement.

(3) Before the final promulgation of any regulation, the Minister must take into account any comment received on proposed regulations.

(ii) afdoende bewys ten gunste van 'n daaropvolgende houer,

van die verskeping van die goedere of van hulle ontvangs vir verskeping, na gelang van die geval.

**Aflewering**

**7.** (1) 'n Vervoerder word onthef van die verpligting om af te lewer indien daardie vervoerder die goedere waarop 'n seevervoerdokument betrekking het aan 'n persoon aflewer wat ingevolge subartikel (2) op die aflewering van die goedere geregtig is.

(2) 'n Persoon wat 'n seevervoerdokument aanbied, is geregtig op aflewering van die goedere waarop die dokument betrekking het—

*(a)* slegs ooreenkomstig die kontrak en op die voorwaardes in die dokument vervat en behoudens die nakoming van enige verpligting waaraan daardie aflewering onderhewig is; en

*(b)* behoudens subartikel (3), indien daardie persoon die eerste persoon is wat die dokument ten opsigte van daardie goedere aanbied.

(3) *(a)* Die vervoerder kan van die persoon wat 'n seevervoerdokument ten opsigte van enige goedere aanbied, vereis om 'n reg op aflewering te bewys.

*(b)* Enige persoon van wie vereis word om sy of haar reg op aflewering te bewys soos in paragraaf *(a)* beoog, kan daardie reg bewys óf deur 'n hofaansoek óf op enige ander wyse wat vir die vervoerder aanvaarbaar mag wees.

*(c)* Indien 'n reg op aflewering op 'n ander wyse as deur 'n hofaansoek bewys word, rus die risiko op die vervoerder dat die persoon geen reg op aflewering het nie en kan die vervoerder vrywaring vereis wat vir die vervoerder ten opsigte van die aflewering aanvaarbaar is.

(4) Tensy die hof by 'n aansoek bedoel in subartikel (3)*(b)* anders gelas, raak aflewering ingevolge hierdie artikel geen reg op skadevergoeding nie.

**Persone wat te kwader trou optree**

**8.** (1) Niks in artikel 3, 4, 5, 6 of 7 maak 'n persoon wat in besit is van 'n seevervoerdokument of 'n persoon wat enige goedere aflewer waarop 'n seevervoerdokument betrekking het, geregtig op enige reg of op enige verweer teen of kwytskelding van enige verpligting nie indien, ten tyde van daardie persoon se verkryging van besit van die dokument of die uitvoering van daardie aflewering—

*(a)* in die geval van 'n persoon wat besit verkry, daardie persoon geweet het of redelike grond gehad het om te glo dat—

(i) die goedere waarop die dokument betrekking gehad het, nie verskeep is nie of nie vir verskeping ontvang is nie; of

(ii) die persoon van wie besit verkry is, geen reg gehad het op oordrag van die dokument of enige reg daarkragtens nie; of

*(b)* in die geval van 'n persoon wat aflewer, daardie persoon geweet het of redelike gronde gehad het om te glo dat die persoon aan wie afgelewer is, geen reg gehad het op ontvangs van aflewering nie.

(2) Die bewyslas dat subartikel (1)*(a)* of *(b)* van toepassing is, rus op die persoon wat die toepassing daarvan beweer.

**Regulasies**

**9.** (1) Behoudens subartikels (2) en (3), kan die Minister regulasies uitvaardig—

*(a)* wat die omstandighede voorskryf waarin en die voorwaardes onderhewig waaraan 'n rekord of dokument wat deur 'n telekommunikasiestelsel of 'n elektroniese of ander inligtingstegnologiestelsel geproduseer word en wat transaksies laat plaasvind soos daardie wat geskied deur enige seevervoerdokument, geag word 'n seevervoerdokument te wees;

*(b)* oor in die algemeen alle aangeleenthede wat redelikerwys nodig of wenslik is om voorgeskryf te word ten einde die oogmerke van hierdie Wet te bereik.

(2) Die Minister moet alle regulasies wat voorgestel word om kragtens subartikel (1) uitgevaardig te word, minstens drie maande voor die datum beoog vir hulle inwerkingtreding in die *Staatskoerant* vir kommentaar publiseer.

(3) Voor die finale uitvaardiging van enige regulasie moet die Minister enige kommentaar wat op voorgestelde regulasies ontvang is, in ag neem.

### Amendment of law

**10.** Section 1 of the Admiralty Jurisdiction Regulation Act, 1983 (Act No. 105 of 1983), is hereby amended by the addition of the following subsection:

"(3) For the purposes of an action *in rem*, a charterer by demise shall be deemed to be, or to have been, the owner of the ship for the period of the charter by demise.".

### Short title and commencement

**11.** This Act is called the Sea Transport Documents Act, 2000, and comes into operation on a date fixed by the President by proclamation in the *Gazette*.

**Wysiging van wet**

**10.** Artikel 1 van die Wet op die Reëling van Admiraliteitsjurisdiksie, 1983 (Wet No. 105 van 1983), word hierby gewysig deur die volgende subartikel by te voeg:

"(3) Vir die doeleindes van 'n aksie *in rem* word 'n oorgangshuurder geag die eienaar van die skip te wees of te gewees het vir die tydperk van die oorgangshuur.".

**Kort titel en inwerkingtreding**

**11.** Hierdie Wet heet die Wet op Seevervoerdokumente, 2000, en tree in werking op 'n datum wat die President by proklamasie in die *Staatskoerant* bepaal.

PRINTED BY CREDA COMMUNICATIONS, CAPE TOWN, FOR THE GOVERNMENT PRINTER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—5500
GEDRUK DEUR CREDA COMMUNICATIONS, KAAPSTAD, VIR DIE STAATSDRUKKER, PRETORIA, TEL. (012) 334-4507, 334-4511, 334-4509, 334-4515—5500